

Jubel in die Here se heerskappy

Om deel van God se koninkryk te wees is 'n groot voorreg. Daarom is 'n koninkrykskind iemand wat rede het om te juig. Psalm 33 is juis 'n loflied wat vir die regverdiges die toon aangee om die voorreg van kindwees uit te jubel.

Die psalmdigter gee drie redes waarom die gelowiges God moet loof. God se uitverkorenes ken Hom eerstens as Skepper. Daar is niemand wat meer van die skepsele weet as die Skepper self nie. Hy sien nie maar alleen wat die mens doen nie. Hy ken ook hulle harte. Alles en almal is oop en bloot voor Hom en hy deurgrond elkeen se dade. Dit bied aan gelowiges iets besonders om oor te juig. Die alsiende God is ons God en Skepper.

Tweedens is God ook die Beskermer van sy kinders. Geen maghebber kan God se kinders skade aandoen nie. Selfs oorlogsgeweld fnuik nie die plan waarmee Hy sy volk bevry nie. Diegene wat God nie ken nie misgis hulle, want hulle verkeer onder die indruk dat wêreldse mag die oorhand kan kry. God se kinders weet egter waar hulle troos lê en weet ook wie hulle vir hulle bewaring moet loof en prys.

Daar is nog 'n derde rede vir die regverdiges om God te belooft met psalmgesang. Hy is die Een wat regeer. Die mens mag dink dat sy planne iewers sal kom, maar die gelowige weet Wie stuur en rig alle dinge. God se regering is nie tydelik nie. Dit loop deur geslagte en is onstuitbaar. God se kinders kan daarop vertrou en rigting vir die lewe daaruit verkry. Dit is genoeg rede om die Here te prys.

Om God te ken is om jou daarin te verheug. Stel jou hoop maar gerus op Hom. Hy het ons nie alleen gemaak nie, maar Hy bewaar ons altyd en stuur alles na 'n wonderlike einde toe!

*Sing: Psalm 33:1, 11**Ds. CB Swanepoel (Nylstroom)*